# HOOFSTUK III.

# ONTWIKKELING VAN DIE STAATSONDERWYS.

## 1859—1872.

Die grootte van die plase was oorsaak dat die woonhuise ver vanmekaar af was. Die afstande het gesamentlike onderwys aan die kinders van verskillende plase uitgesluit, behalwe waar die kinders van die een 'n rukkie by die ander gaan bly het — gevalle wat baie skaars was in die dae toe die boer al sy kinders nodig gehad het. Deur klimaatsomstandighede kon die boer in die winter nie met sy vee op die Hoëveld bly nie en in die somer nie in die Laeveld nie. Sodoende moes iedereen twee plase besit en op die manier was baie famielies dus altyd op trek. [1]) Dit sou dus lank neem eer sistematiese onderwys die platteland sou insluit. Die feit dat die mienimum salaris vir 'n huisonderwyser volgens die wet gestel was op Rds. 20 per maand het die standaard van die onderwys nie verhoog nie. Dis dikwels nie werklik uitbetaal nie en die bondeldraer, wat partykeer vir baie minder gewerk het, was altyd nog welkom. [2]) 'n Afsonderlike skoolgebou was vereers byna onbekend en soms was die kerk, 'n enkele keer 'n kamer in 'n private huis die skool. So het v. d. L. dit gevind in '52 en net so was dit weer in '59. [3])

## DIE SKOOLREGLEMENT VAN 1859.

Met die aanstel van die Kommissie wat die reglement van 1859 opgetrek het, het daar 'n nuwe periode aangebreek in die ontwikkelingsgang van die Republiek se onderwyssake. Die Goewerment

---

1) Carl Jeppe: The Kaleidoscopie Transvaal; bls. 88.

2) C. Jeppe: aangeh. w; bls. 77.

3) Sien brief van die Kerkraad van Potch. aan ZHEd. den Staatspresident en den Sekretaris van het Gouvernement; dd. 4 Apr. '59, Argief.

het toe self die inisiatief geneem met onderwyswetgewing. Die v. d. L., sowel as die v. d. H. reglemente, het ontstaan sonder aktiewe hulp van die regering en is miskien aangeneem hoofsaaklik omdat die indiwiduele lede van die Raad daar nie iets verkeerds in gesien het nie.

Onder die leiding van die kerkraad was die vroeër begin nie 'n sukses gewees nie en dit skyn of hulle daarom die saak nou self in hande geneem het. Die samestelling van die Kommissie het dadelik laat sien dat sake toe in 'n ander rigting gestuur sou word. Goetz was voorsitter, Ds. v. d. H. slegs gewone lid, en Dr. Poortman, een van die liberale standpunt, sekretaris. Hierdie samestelling en ampsverdeling was seker nie toevallig nie. Die meerderheid van die lede het veel geleer uit die gebeurtenisse van '54. Dit blyk ook duidelik uit die aangehaalde artiekel van Veritas. [1])

Die nuwe Kommissie het die gewelddadige onderbreking van die onderwys in '54 sterk afgekeur, sowel as die monopolie wat die kerkraad en v. d. H. in die twede reglt. verkry het, en hulle het sterk op die voorgrond gedruk die idee, dat die kontrole van die onderwys by die regering tuishoort. Dr. P. sal wel in geen geringe mate vir hierdie nuwe standpunt, sowel as vir die korrespondensie wat dit verdedig, verantwoordelik gewees het nie. Die skuld vir die vroeër debacle was op die kerkraad geskuif en dit tereg.

Die reglement deur die Kommissie ontwerp, het hierdie punte tenvolle in die oog gehou en was strik volgens die suggesties in die aangehaalde artiekel. Opposiesie teen die houding en die handeling van die Kerkraad is in die artiekel voorop gestel, en omdat die groot invloed van die kerkraad aan die v. d. H. reglt. te danke was, is dit dan ook in sy geheel uitgelaat, terwyl die v. d. L. reglt. wat slegs in grondtrekke gegee het die punte, wat in 'n skoolwet, direk of indirek, genoem moet word die raamwerk vir die nuwe reglement gevorm het.

Art. 1 stel die salaris van die onderwyser op £ 75 met vrye woning en skoolgebou, ook sal hy die skoolgelde ontvang, benewens die vaste salaris. Art. 2 bepaal die skoolgeld en 3 stipuleer dat kinders wat kan bewys dat hulle behoeftig is, gratis onderwys moet word. Nos. 4 en 5 is bepalinge omtrent die betaling van skoolgeld. Hierdie eerste 5 artt. gee min of meer weer artt. 1 en 4 van die v. d. L. reglt.; sommige uitbreidings, soos die twede art. word direk in die laasgenoemde in die vooruitsig gestel. Art. 6 handel

[1]) Sien vorige hoofstuk. Ook St. Crt. van 22-4-59.

oor skoolbehoefte, die ekwiwalent van art. 3 van die eerste reglt. Art. 7 is weer tiepies van die tyd, dis gevolg van vorige ondervinding. Dit lui: —

„De ouders zyn verpligt hun kinderen in de boeken te doen onderwyzen die hun door de onderwyzer worden gegeven, en door de School-commissie zyn goedgekeurd."

Baie ouers het destyds hulle eie opienie gehad omtrent skoolboeke en as hulle 'n kind skool-toe stuur met 'n bybel of 'n vraeboek en die onderwyser sê dat vir die leesonderwys 'n ander boek aangeskaf moet word dan het hy soms kans gestaan om 'n pakslae te kry. Om dgl. moeilikhede te voorkom is hierdie art. dus ingevoeg. [1]) Art. 8 is 'n uitbreiding van 5 van die eerste reglement. V. d. L. het slegs bepaal dat die onderwys sou wees in „lezen, schryven, rekenen en verdere vakken van onderwys" en daarby was die onderwyser „verpligt aan alles eene godsdienstige strekking te geven." Hier is vereers wyslik geen melding gemaak van die ander vakke nie en die term „verdere vakke" het die moontlikheid om ander vakke in te voer, sodra omstandighede dit toelaat, oopgestel. In die '59 reglement word die verdere vakke wel gespesifiseer; dit sou n.l. wees „getal en vormleer, taal- en aardrykskunde, vaderlandsche, algemene en bybelsche geschiedenis, het zingen van psalmen en gezangen, by die Nederduitse Gereformeerde Kerk in gebruik, terwyl tevens ook in de zangkunde onderwys zal gegeven worden." Vir hierdie uitbreiding is waarskynlik v. d. H. en Poortman verantwoordelik. Die waarde daarvan was egter min, want toegepas is dit nie. Selfs na 1900 is die meeste van die vakke nog nie in alle skole onderwys nie. [2]) Die „godsdienstige strekking" is deur iets meer konkreets vervang. Art. 9 bepaal dat die onderwyser vry gelaat sal word in die reëling van sy onderwys; min of meer dieselfde as art. 6 van die ou reglt. Art. 10 re reinheid en netheid stem ooreen met 9 en 10 van die voorgaande. Art. 11 lê opgesluit in 9 van die voorgaande. 12 bepaal die skoolure, dus 'n uitvoering van 7 van die voorgaande. Art. 13 kom ooreen met art. 8. No. 14 is weer uitvoering van vorige no. 11. Art. 15 bepaal dat die onderwyser op tyd in skool moet wees. Werklik nuut is artt. 16, 17 en 18 omtrent die jaarlikse eksamens. Die eerste keer wat ons in die

---

[1]) Vgl. Ingesonde stuk in St. Crt.: Vol. II; No. 72.

[2]) Sien die verskillende inspeksierapporte uit die dae. Die eerste tyd is hulle in die St. Crt. net na die jaarverslag van het Departement v. O. gepubliseer.

republiek van eksamens hoor. Dit spreek vanself dat, hoewel hierdie punte in die ou reglt. nie voorkom nie, daar wel deeglik 'n oorgangsmaatstaf gewees het. V. d. L. het dit miskien as so vanselfsprekend beskou — in Holland was daar trouens nie so'n ophef oorgemaak nie — dat hy dit onnodig geag het om dit by reglt. vas te lê. Die nuwe sisteem het egter 'n soort van kontrole daargestel, en beide onderwysers en leerlinge is daardeur aangespoor. Hier het seker die eksamen-dril al 'n aanvang geneem. Dit het kommissies 'n goeie basis vir hulle verslag gegee.

Tiepies is weer dat in art. 17 die kommissie opgedra was om na afloop van die eksamen die beste leerlinge met presente te bedeel. Volgens die reglt. het hulle egter geen inkomste gehad nie, aangesien die onderwyser al die skoolgelde ontvang het. Daaroor het niemand hom skynbaar bekommer nie. Dit skyn ook nie of daar moeilikhede deur ontstaan het nie. Alleen rapporteer die skoolkommissie van Pretoria 'n paar jaar later dat hulle geen prysuitdeling kon hou nie aangesien hulle fondse uit waardelose Goewermentsnote bestaan het. Gewoonlik het die kommissie die geld vir die pryse gekollekteer. [1])

Artt. 19 en 20 bepaal hoe die ouers hulle te gedra het teenoor die onderwyser, binne en buite die skool, hoe klagte ingedien moet word, ens. Art. 21 gee dieselfde vir kommissielede. Hierdie artiekels is ook nuut en 'n aanvulling van die ou reglt., waar die ondervinding geleer het dat sulke beperkings wel dringend nodig was, omdat destyds 'n verontwaardigde ouer daar niks van gemaak het om die meester in die skool, voor die hele klas, goed uit te raas of onder die sambok te steek nie. Art. 22 gee aan die hand die prosedure wat gevolg moet word as die onderwyser die aanmerkings van die kommissielede nie in aanmerking neem nie. Gebeurtenisse in '54 het hierdie bepaling dringend nodig gemaak. Art. 23 gee opening vir die onderwyser om regspraak te kry by vermeende onreg deur die kommissie. Belangrik is die bewoording van die artiekel: — „De onderwyzer zal in zyn hoedanigheid als Gouvernementsonderwyzer even als alle overige Gouvernementsambtenaren. . . ." Die onderwyser is dus 'n gewone Goewermentsamptenaar en die skool in alle opsigte staatsskool. Art. 24 gee alle amptenare reg om die skool te besoek . Art. 25 verplig die onderwyser om 'n „ondermeester" aan

[1]) Sien verslag van die Plaaslike skoolkommissie van Pretoria in St. Crt. VII, 55 van 28-6-64 en van die skoolkommissie van Potch. in St. Crt. VIII, 131 van 9-1-66.

te stel. Hiervoor word niks deur die Goewerment bygedra nie, en die onderwyser moet dit uit sy eie inkomste bekostig. Die toelae van 'n ondermeester was dus nie rojaal nie. [1]) Art. 26 bepaal dat Goewermentsonderwysers lid moet wees van die Nederd. Geref. Kerk en dat hulle ook nog bewyse van „bekwaamheid en bevoegdheid tot het geven van onderwys" aan die skoolkommissie moet vertoon. Hierdie bepaling was direk oorsaak dat die eerste onderwysers-eksamens in die republiek afgeneem is. Art. 27 spreek oor die uit die skool neem van kinders deur die ouers en stem ooreen met 13 van die ou reglt. No. 28 met no. 12. Art. 29 bepaal dat alleen ouers van kinders genoemde kinders op skool mag kom besoek as hulle die onderwyser skriftelik daarvan in kennis stel. Art. 30 bepaal dat die kommissie die reg het om veranderings in die reglement aan te bring onder nadere goedkeuring van die V. R.

Daar is dus geen enkele bepaling uit die v. d. H. reglement — gedeeltelike uitsondering mag miskien die bepaling omtrent bekwaamheid wees en bevoegdheid om onderwys te gee — in hierdie reglement van '59 opgeneem nie en dit nogal waar v. d. H. self lid was van die kommissie. Die teenoorgestelde invloed was dus baie sterk.

So het ons aan die begin van '59 die eerste onderwyswet waarby die Goewerment die inisiatief geneem het — in werklikheid die derde onderwyswet. In hulle sitting van 5 Mei '59 het die V. R. die reglement onveranderd goedgekeur. [2]) In die St. Crt. van 9 Mei word per advertensie aangekondig dat die skool geopen is. Die Goewerment plaas self die advertensie. Die begin van die skool was weer goed en die aantal kinders het by die 100 gekom; vir die dae 'n rekord. Vir die ander distrikte het leraars en gekwalifiseerde onderwysers nog ontbreek.

## DIE ALGEMENE SKOOLKOMMISSIE.

Die reglement en die nuwe skool was nie die enige grote vooruitgang van die jaar '59 nie. Ds. van Heyningen was in Potchefstroom dubbel aktief en gedurende die sitting van die Uitv. R. op 3 Mei, '59, het hy 'n brief ingestuur [3]) waarin hy voorstel dat die

[1]) Later het die Algemene Skoolkommissie, na hulle hul eerste ondermeester geëksamineer het die Goewerment versoek om ondermeesters ook 'n salaris toe te ken.

[2]) St. Crt. II 73 van 13-5-59.

[3]) T 1/112, No. R. 2786/59; Argief.

V. R. 'n kommissie moet aanstel vir die oppertoesig oor die skole in die Republiek en dat die Kommissie sy reglemente moet optrek en die aan die Uitv. Raad voorlê. Die voorstel is goedgekeur en v. d. Hoff, v. d. Linden, v. Heyningen en Proes (staatsprokureur) as lede aangestel.

## ONDERWYSWETGEWING IN DIE REPUBLIEK LYDENBURG.

In dieselfde tyd wat v. Heyningen die voortou geneem het in die Z. A. R., was die onderwystoestande in sy eie Republiek, Lydenburg, ellendig — die hereniging was nog nie deur nie. [1]) Nadat die kerkraad, onder v. H. niks met die onderwys te doen wou hê nie het die hof van Landdros en Heemrade hulle die saak aangetrek en volgens artt. 6 en 76 van hulle instruksie versoek dat „den Uitvoerenden Raad — die van Lydenburg — zich de belangen van het schoolonderwys aantrekke omreden dat er thans geen commissie van opzigt over het schoolonderwys en onderwyzers bestaat, doordien de kerkeraad zich daaraan onttrokken heeft." [2]) Dit lyk of hulle nou Potchefstroom begin nadoen — hier natuurlik nie onder leiding of steun van v. Heyningen nie — want die Uitv. R. het tot die besluit gekom „dat een commissie van opzigt over allen scholen en Schoolonderwyzers in het grondgebied van Lydenburg van Gouvernementswege moet worden benoemd........Om dit doel te bevorderen besluit de Uitv. R. om den WEwde Leeraar en Kerkeraad der gemeente Lydenburg te verzoeken en uit te noodigen in het belang van staat en kerk in deze zaak de behulpzame hand te bieden ....en wordt den WEwde Heer P. A. C. van Heyningen, Predikant der gemeente te Lydenburg by deeze verzocht om ZEwdes gevoelen, en een voorstel ter instructie voor deze commissie, en een Schoolwet op te stellen en by het Gouvernement in te zenden."

Die kerkraad het geantwoord dat hulle nie bereid is om te help nie. Die persoonlike antwoord van v. H. was versigtiger gestel. Hy het voorlopig geen rede gesien nie „om eene eventuele benoeming tot lid eener schoolcommissie van de hand te wyzen". Toe was ook hier 'n algemene kommissie aangestel, bestaande uit v. H., voorsitter, en die h.h. H. F. Buhrman en C. Potgieter.

---

[1]) Sien vorige hoofstuk.

[2]) U. R. notule; Rep. Lydenburg; onder 15 Okt. '59; art. 17.


Siende dat daar hier geen plaaslike skoolkommissie was nie het die Uitv. Raad voorgestel „om in de verschillende afdelingen der gemeente assistent leden te benoemen, om daardoor by het onderzoek der school dat werk lichter en geregelder voor de schoolcommissie te doen zyn." Die hereniging van die Republieke is egter al gou bekragtig en dis ons nie geluk om vas te stel of die kommissie ooit gesit het en of daar enige preliminêre werk gedoen is nie. Wetgewing in die gees van hulle opdrag is nie gepasseer nie.

## DIE EERSTE EKSAMEN VIR ONDERWYSERS.

Die Algemene Skoolkommissie was aan die begin taamlik aktief. Een van die pligte wat hulle op hul geneem het is die ondersoek of onderwysers voldoen aan die vereiste kwalifikasies vir plaatsing, na aanleiding van art. 26 van die wet. Hierdie weg is ook deur die Regering offisieel aangeneem, want in Nov. '59 het Scheurkogel aansoek gedoen by die Regering om opnuut as onderwyser geplaas te word. [1]) Die President het die aansoek deurgestuur aan die Algemene Skoolkommissie en die laaste het die plaatsing van Scheurkogel in Rustenburg goedgekeur. [2]) Waar die persoon wat aansoek doen geen gekwalifiseerde was nie, het die Algem. Skoolk. hom geëksamineer en 'n sertifikaat van bevoegdheid uitgereik. Dit was dus die eerste eksaminerende liggaam in die Z. A. R., voorloper van die Raad van Eksaminatore. Op 2 Maart 1860 is die eerste eksamen vir onderwysers deur hulle afgeneem. Die kandidaat was Cornelis Botha Jnr., kwekeling te Potchefstroom. Hy het sy opleiding dus ontvang van v. d. L. Die kursus kan ook nie baie lank gewees het nie omdat die skool pas tien maande tevore geopen was. Omdat die kandidaat maar sestien jaar oud was sal die eise wel in verhouding gewees het. Hy het geslaag en hom is 'n sertifikaat van die vierde rang uitgereik. Hierop staan vermeld dat hy in die Republiek applikasie mag maak vir 'n skool van die vierde rang. Hiermee word waarskynlik 'n plaasskool bedoel. Om die sertifikaat in sy regte perspektief te sien moet ons daaraan dink dat v. d. L. in Holland onderwyser van die derde rang was. Hierdie eersteling het die professie eer aangedoen want hy het 'n goeie onderwyser geword wat alom bemind was. [3])

---

[1]) Genoemde brief is in die Argief.
[2]) Sien hulle brief; dd. 9-11-59; Argief.
[3]) Vgl. Hattingh; in Voortrekkermense I, bls. 256.


R. 3659/60

Akte van algemeene toelating tot Schoolonderwijzer van den vierden rang

De Algemeene Commissie van Onderwijs in de Zuid Afrikaansche Republiek op den 29 Maart 1860 ge-examineerd hebbende

Cornelis Botha, Jr

oud zestien jaren, heeft bevonden, dat hij de vereischte kunde, welke voor den vierden rang gevorderd worden; weshalve zij genoemden Cornelis Botha Jr Kwekeling te Potchefstroom opneemt onder de Onderwijzers van den vierden rang, en hem bij deze geregtigd verklaart om, mits zich onderwerpende aan de algemeene en bijzondere Schoolverordeningen binnen boovengemelde Republiek te staan naar eene School van den vierden rang en in het algemeen naar het verkrijgen eener speciale beroeping, aanstelling of admissie tot het geven van onderwijs in de vakken van het Lager Onderwijs

Potchefstroom, den 29 Maart 1860

(get.) D. van der Hoff, president.

H. van der Linde, Secretaris.

DIE EERSTE ONDERWYSSERTIFIKAAT DEUR DIE ALGEMENE SKOOLKOMMISSIE UITGEREIK.

Die Algem. Kom. het na die suksesvolle eksamen van die eerste kandidaat gevoel dat dit nie meer as billik sou wees om die vierde rang onderwyser ook 'n toelae van Regeringsweë te gee, en op hulle volgende vergadering, 24 Apr. '60, is die Regering versoek om „geëxamineerde ondermeesters" ook 'n salaris toe te ken. [1]) Later is in die gees gehandel en in die volgende onderwyswet is die voorstel uitgevoer; ons kon nie vasstel of daar dadelik aan voldoen is nie.

## 'N NUWE PERIODE VAN GAOS.

Gedurende hierdie en die volgende jaar het ook uitgekom Ds. A. J. Begemann, wat in Pretoria gevestig is en Ds. W. Smits vir Rustenburg. Beide was uitgestuur deur die Amsterdamse Kommissie. [2]) So het ons dus toe op die dorpe Potchefstroom, Pretoria, Rustenburg en Lydenburg beide predikante en onderwysers. Onderwystoestande was dus toe vir die eerste keer weer beter dan in '51 toe die onderwysers uit Holland so'n goeie begin gemaak het, wat teen die end van dieselfde jaar en gedurende die begin van '54 deur Ds. v. d. H. pragtig, maar helaas! vir so'n kort rukkie gekonsolideer was. Veral die nuwe — en hierdie keer — alombekende en uitgevoerde onderwyswet het sake op 'n hoër vlak gesit.

In '58 was as vlag vir die Republiek aangeneem die vierkleur, en as motto die spreuk „Eendracht maakt Macht", maar dit was die inleiding tot 'n periode van tweedrag, twis en burgeroorlog soos daar tevore nog nooit gewees het nie. Die geskiedenis van die periode is nog nie geskryf nie; verslae en herinneringe daaromtrent is sterk deur persoonlike neigings en partygees gekleur en die dokumente wat dit oorleef het is baie onsamehangend. Die invloed van hierdie beroeringe en burgeroorlog op die onderwys in die Republiek was ingrypend. Dit het daar onberekenbare skade aangedoen en die weg voorberei vir later politieke twiste en die endkatastrofe in '77.

## DIE ONDERWYS GEDURENDE DIE BURGEROORLOG.

Gedurende hierdie periode was onderwystoestande weer ruim so sleg as wat dit ooit tevore was. Afgesien nog van die noodwendige agteruitgang wat die gevolg moet wees van die gedurige heen en weer trek en vlug van verskillende partye — iemand het destyds

---

[1]) R. 3709/60; Argief.

[2]) R. 3598/60 en R. 3725/60; ook V. R. 467/60; Argief.

baie gemakliker sy hele familie saamgevat as vandag — het die persoonlike aandeel wat onderwysers in die twiste en partyskappe geneem het, sowel as die nie uitbetaal van salarisse [1]) en die oor en weer ontslaan van amptenare deur die verskillende partye, byna alle onderwys vir 'n ruk doen ophou. In Potchefstroom was die skool van v. d. L., wat so uitstekend begin het, al weer gou teniet. Die sade vir die agteruitgang was al by die opening teenwoordig. Pogings is egter in die werk gestel om die skool weer aan die gang te kry [2]) en v. d. L. se dienste is vir die derde maal vir Potchefstroom verseker. Die nuwe aanstelling dateer van 2 Julie '62. [3]) Die opnuutgeopende skool adverteer v. d. L. in De Emigrant van 22 Julie '62, en siteer meteen artt. 1, 2, 4, 5, 6, 12, 13, 19, en 20 van die skoolwet. Die laaste twee bepaal hoe ouers tewerk moet gaan as hulle klagte het, en net hieronder voeg v. d. L. daarby „opdat zy weten waarnaar zij zich te gedragen hebben". Verhoudinge was dus nie te vriendskaplik gewees nie. Desnieteenstaande was daar in September tog alweer 50 kinders in die skool. [4])

Die volgende jaar is v. d. L. aangestel as Goewermentssekretaris en hy het hom in Pretoria gevestig, alwaar sedert 1860 die setel van die Goewerment was. [5]) Hierdie tyd was die beroeringe nog nie oor nie en die skool is vir 'n ruk nie heropen nie.

In Pretoria het Stiemens vanaf '59 met groot sukses onderwys gegee. Aan die begin van die Burgeroorlog het die skool nog deurgegaan, maar dit was nie lank nie of Stiemens het openlik party gekies vir Stefanus Schoeman en het hom selfs vir 'n rukkie in die kapasiteit van sekretaris gedien. [6]) Die gevolge was noodlottig vir die onderwys, want in die verslag van die Krygsraad oor Sept. en

---

[1]) Kerkeboek (Notule) van die Gemeente Rustenburg vanaf 18 Nov. 1850 tot 23 Nov. 1864, onder 1 Okt. '64. Vgl. ook Notuleboek van dieselfde gemeente vanaf 26-12-64 tot 22-12-94, die aangeh. briewe van 27-12-64 en 9-1-65.

[2]) De Emigrant; 8 Julie; 1862.

[3]) 2 Julie is die datum wat aangegee word in De Emigrant van 22 Julie '62, die volgende jaar is hierdie aanstelling pas deur die Raad bekragtig en die desbetreffende Goewermentskennisgewing in St. Crt. VI. 17 van 9-6-63 word die datum genoem as 4 Julie '62.

[4]) De Emigrant: 2 Sept. 1862.

[5]) Van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Z. A. Rep.: bls. 112. Sien ook die Goewermentskennisgewings wat vanaf die begin van '64 deur hom geteken is.

[6]) N. Mansvelt: aangeh. w; bls. 105.

Okt. '62 lees ons o.a. „Ook is Zaterdagavond de rebel Stiemens gevangen en zit thans in het blok." Hulle het later besluit om hierdie rebel oor die grense te sit en die besluit is letterlik volvoer. [1])

Teen die end van '59 en begin '60 is die sisteem van plaaslike skoolkommissies ook op ander dorpe in die republiek ingevoer; sommige was reeds aangestel by die uitbreek van die onluste. [2]) Alles het gou tot stilstand gekom en amptenare en kommissies is deur die verskillende partye oor en weer ontslaan en aangestel. Die plaaslike kommissie in Potchefstroom het tog gedurig bly ageer as daar 'n onderwyser te kry was, maar van die onstabiele Goewermente was daar nie veel te verwag nie. So is b.v. die aanstelling van v. d. L. in Potchefstroom op 4 Julie 1862, pas offensief deur die wettige Goewerment bekragtig op 1 Junie 1863. [3])

## HERLEWING NA 1863.

Na die land weer tot rus gekom het, het die aktiwiteit op onderwysgebied sterk toegeneem en die jaar '64 het weer die herlewing van die onderbroke stelsel gesien. Al gou na die bewind van die Krygsraad deur die gewone bestuursvorm vervang is, is die plaaslike skoolkommissies weer opnuut deur die Goewerment aangestel. [4]) Ook Lydenburg en Rustenburg het nou onder die nuwe reëling geval.

Met die aanstelling van die kommissies in ander dorpe as Potchefstroom, was die status van die plaaslike kommissie van Potchefstroom feitlik verlaag, want hulle het oorspronklik vir die hele Republiek opgetree en selfs die reg gehad — by hulle aanstelling het die Algem. Kom. nog nie bestaan nie — om die skoolwet, onder nader goedkeuring van die regering, te verander. Die Algem. Kom. is weer een van die dinge wat ontstaan het, tenspyte van die regering; gewoonweg die gevolg van die voorstel van 'n private persoon, nadat die regering self al 'n kommissie aangestel het om sake vir die Republiek te reël. Het v. H. dit miskien voorgestel omdat die predikante en v. d. L. sowel as Proes feitlik misken was by die aanstelling van die eerste kommissie? As die Potchefstroomse kommissie so aangestel was om die oorwegende invloed

---

[1]) N. Mansvelt: aangeh. w; bls. 105.
[2]) Vgl. R. 3499/60, Argief.
[3]) Sien De Emigrant van 22 Julie, 1862, en St. Crt. van 9 Junie, 1863.
[4]) St. Crt. VII; 57 van 12-7-64; 53 van 14-6-64; VIII, 88 van 14-3-65.

van die kerk teen te gaan dan het die nuwe kommissies die ideaal nie gehuldig nie, want Di. Smits, Begemann en van H. was die voorsitters van die in hulle respektiewe dorpe. Sodoende het deur hierdie later aanstellinge, sowel as deur die samestelling van die Alg. Kom., die invloed van die kerk weer sterk op die voorgrond getree, hoewel die bemoeiing van die kerkraad gewoonlik nie te belangrik was nie. [1]) en hom hoofsaaklik beperk het tot die toesien dat ouers hulle kinders laat leer, 'n taak wat in sommige gevalle baie strik uitgevoer was. Die sterkste dwang was selfs toegepas op ouers of voogde wat hierdie plig teenoor hulle kinders versuim het. Die volgende voorbeeld is uit die Notuleboek van die Rustenburgse gemeente:

„De heer X verschynt voor de vergadering. Hy is geheel ongeleerd, 47 jaar oud, en erkent dat de heer Y nimmer een schoolmeester gehuurd heeft om hem te doen leeren.

De Kerkraad besluit de heer Y als pleegvader daarvan kennis te geven, hetwelk de kerkeraad moet betreuren, en hem te melden dat hy de heer X moet doen leeren, daarvan ons te overtuigen met het nachtmaal van April . . . zullende de Kerkeraad verpligt zyn, indien de heer Y daaraan niet voldoet, daarvan verder werk te maken".

Op 'n volgende vergadering is die saak weer behandel: —

„Ingekomen een brief van den heer Y betreffende den heer X. De Kerkeraad blyft by zyn besluit van October. . . . en wenscht den heer X in April. . . . zelve te onderzoeken".

Dit was dus 'n alomaangenome wet dat ouers sorg moes dra dat hulle kinders of pleegkinders die mienimum onderwys ontvang; in gevalle van verwaarlosing was deur middel van die kerklike tug dwang uitgeoefen, en waar armoede die rede was deur die kerk self maatreëls getref.

Waar 'n onderwyser beskikbaar was is die skole weer onmiddellik aan die gang gesit.

In Potchefstroom — hierdie plek begin van toe af op die agtergrond te raak, omdat Pretoria as setelplek meer belangstelling getrek het — is die skool weer geopen en J. A. Grimbeek het die dienste van onderwyser waargeneem vanaf Aug. '64. [2])

In Pretoria het hulle weer hulle vroeër onderwyser Stiemens,

---

[1]) Kerklike notuleboeke van die gemeentes Potchefstroom, Rustenburg, Lydenburg en ook Soutpansberg vanaf '64.

[2]) St. Crt. VIII, 131 van 9-1-66.

wat na sy politieke aktiwiteit verban was, terug gekry en op 14 Junie, '64 is hy opnuut deur die Goewerment aangestel [1]) en die skool is op 2 Julie geopen.

In Rustenburg is aan die onderwyser van die Gereformeerde Gemeente aldaar 'n salaris van £ 100 p. j. toegeken. [2])

## VAN WARMELO TE SCHOEMANSDAL.

Schoemansdal, die Noordelikste nedersetting in die Republiek, kon hom nie in die besit van 'n geskikte onderwyser of skoolkommissie verheug nie. Daar was juis gevestig as predikant, Ds. J. van Warmelo wat, vergesel van sy jeugdige eggenote, net uit Holland aangekom het. Van toe af het dit met die onderwys hier beter gegaan. Van al die predikante wat uit Nederland hier aangekom het was daar seker min wat hulle so aangepas het by die nuwe volk, wat dit temidde van sy eenvoudigheid so gerespekteer en waardeer het; en hierdie geneentheid is ruimskoots beantwoord deur die „boertjies" soos hy hulle met trots in sy briewe aan sy moeder genoem het. Dit was seker nie die beste plek — wat klas van mense betref — in die Republiek nie, en die handelinge van sekere desperate karakters, hier op die uithoek van die beskawing, was dan ook uiteindelik oorsaak van die ondergang van 'n veelbelowende handels- en kultuursentrum.

Gebrek aan voldoende en doeltreffende onderwys was een van die eerste struikelblokke wat die Ds. aangetref en uit die weg geruim het. Sy vrou, verteenwoordiger van die ware Hollandse aristokratiese famielies, het haar ook gou by die nuwe omgewing aangepas, maar slegs 'n jaar het sy haar man kon bystaan in sy nuttige werk. Meer krieties aangelê dan haar man gee sy in haar intieme briewe 'n uitstekende oorsig en tekening van toestande aldaar, sowel as van die pogings van haar man om verbetering aan te bring. Van die weinige briewe wat sy uit Suidafrika aan haar moeder kon skryf gee o.a. die van 14 Sept. '64 'n belangrike stuk van die lewe alhier weer: —

„En wat al geschiedenissen hebben wy gehoord in de korte tyd, dat ik hier ben, veel meer dan in myn hele leven. Men leert hier het mensdom helaas niet van zyn beste zyde kennen, maar ook daarom is de werkkring des te uitgebreider, en zooveel meer noodzakelyk.

---

1) St. Crt. VII, 53 van 14-6-64.
2) U. R. Notule: Sitting te Rustenburg op 7 Febr. '65, art. 2.

Vooral op het jonge geslacht kan nu het meeste nut gedaan worden. Daar de grote menschen zoo slecht lezen en schryven, heeft myn beste man het plan opgevat, de kinderen buiten Catechiseren nog wat anders te leren. Daarom houdt hy nu de meeste dagen der week in de morgenuren school in de kerk, dat is voor hem een grote opoffering maar zyn goed hart en ware belangstelling heeft hem dat besluit doen nemen. Ik heb ook al eenige leerlingen in het breien en heb ook plan hun borduren te leeren".

So het die egpaar dus uit die staanspoor uit samegewerk tot opbouing en opvoeding van die mense aan hulle sorg toevertrou. Die dood van sy vrou het van Warmelo se gees vir 'n lang ruk gebreek, en hy is vir 'n lang ruk op reis gegaan. By sy terugkeer teen die end van '65 het sy aktiwiteit weer lewendig geword. Uit Holland het hy 'n serafiene saamgebring, wat hy toe in die kerk geplaas het en ingenome skryf hy in Jan. '66 aan sy moeder: —

„In myn pogingen tot beschaving en vooruitgang in dit district ben ik steeds met grote yver, ik mag dit gerust zeggen, bezig. Een school heb ik nu opgerigt en na lang zoeken een bekwame schoolmeester daarvoor opgedaan. Dit is een groote aanwinst. Een zangschool bestaat er nu ook en nadat men twee maanden geoefend had was ik in staat myn eigen Serafine in de Kerk te zetten zoodat nu de godsdienstoefening alhier geleid wordt als men het hier niet zoeken zou."

Schoemansdal het dus vir 'n rukkie 'n middelpunt van beskawing aan die Noordelikste grense geword. Daar was 'n predikant, 'n uiters bekwame onderwyser, Cornelis van Boeschoten, ook 'n dokter. [1]) Nie ver daarvan af nie het Albasini sy setelplek gehad. [2]) Die handel het gebloei. Die dorp kon dus 'n hoë roeping vervul het in die intellektuele ontwikkeling van die Republiek, maar die naweë van die Burgeroorlog sou aan hierdie kultuursentrum 'n end maak.

'n Paar stroop- en moordtogte van Albasini, kommandant Stephanus Venter, veldkornet J. H. du Plessis en Michael Buys het die kaffers vergoed onhandelbaar gemaak. Opgeroepe kommando's het deur gebrek aan ammuniesie en disipliene misluk en uiteindelik het die Krygsraad besluit om die dorp te verplaas na 'n plek wat

---

[1]) Dit blyk aan die brief van v. Warmelo aan sy moeder, waarin hy skryf van die dood van sy vrou, dat daar 'n goedgekwalifiseerde dokter op die dorp moet gewoon het.

[2]) Friedrich Jeppe: Die Tranvaalsche oder Sud-Afrikanische Republiek.

beter beskerm kon word. [1]) Ds. v. Warmelo en sy Kerkraad het hulle sterk hierteen versit, maar verniet! en op 15 Julie '67 is hierdie voorpunt van die beskawing weer aan die kaffers oorgegee. Van Warmelo het vensters en deure uit sy kerk saamgevat om dit weer te gebruik op die „nuwe dorp van Soutpansberg". In '68 is hy na Heidelberg beroep en die onderwyser het toe ook hier weer oefeninghouer geword. Nieteenstaande die trek het die skool gewoon deurgegaan. [2])

## VERDERE ONTWIKKELING.

Ondertussen het die onderwys in die minder bewoë dele 'n bietjie rustiger ontwikkel. Fasiliteite in Utrecht, Heidelberg en Wakkerstroom het ook begin groter word, terwyl daar groter navraag gekom het vir distrikonderwysers. [3]) Gou het die slegte finansiële toestand die onderwys begin hinder en die begrotingskommissie, wat oor die begroting vir 1865 moes rapporteer, het die volgende aanbeveel: — [4])

Art. 17. „De Commissie is van oordeel dat voor de zeven Gouvernementsonderwyzers teveel is opgebragt, doch recommandeert dat dit bedrag zal worden toegekend indien er minstens twintig kinderen in zulk een school zyn, doch anders zal worden toegekend de som van Rds. 1000.

Art. 18. De Commissie beschouwt ook dat het van het hoogste belang is om 31 distrikt onderwyzers aan te stellen, voor elke veldkornetschap een, maar moet oogenblikkelyk tegen dien aanstelling zyn tot tyd en wyle er meerdere beschikbare inkomsten voor het Gouvernement zullen zyn...."

Na die reglement van '59 het die by wet vasgestelde jaarlikse eksamen 'n groot gebeurtenis geword in die skole, en deur kommissie, leerlinge en onderwysers is daar baie belang aan geheg. Die eksamen was 'n plegtige gebeurtenis. Gewoonlik het die lede van die Kommissie in die huis van die voorsitter saamgekom, vandaar in prosessie na die skool gegaan, en die plegtigheid het aangevang. Daarna is fees gevier, pryse uitgedeel en die vakansie het begin.

---

[1]) Notuleboek van die Kerkraad te Schoemansdal; sitting van 29-7-67. Vgl. van Oordt, aangeh. w; bls. 132. Ook het verslag van de Krygsraad en het rapport van de twee Volksraadskommissies.

[2]) Notuleboek van die Kerkraad van Schoemansdal; sitting van 10-6-68.

[3]) Feesnommer van „Die Kerkblad" Potchefstroom, 1923, bls. 4.

[4]) V. R. 605/64; Argief.

## DIE ONDERWYSWET VAN 1866.

Die reglement van '59 het op die duur tog nie bevredigend geblyk nie. Reeds in '65, dus 'n goeie jaar nadat die reglt. werklik in volle werking was, het die Algem. Kom. 'n nuwe wet opgetrek, wat in baie opsigte 'n groot verbetering is op die van '59. Hierdie nuwe wet het feitlik dadelik in '59 al nodig geword nadat die Algem. Kom. aangestel is, want daar was heeltemal niks daaromtrent in die reglt. gestel nie. Die Algem. Kom. word daar nou in geïnkorporeer. In die konsep is byna geen verandering aangebring nie en op 24 Maart '66 is dit finaal deur die V. R. aangeneem. Wat formulering betref is hier ook 'n groot vooruitgang merkbaar. Wat in die vorige reglt. deurmekaar neergeskryf is, vind ons hier gegroepeer en aanmerklik uitgebrei. Eers kom die algemene bepalinge wat die plek van die Alg. Kom. in die onderwysstelsel vasstel. Aandag verdien die deurtastende manier waarop hierin reëlings gemaak word vir die onderwys in Engels. Die eerste keer wat die taal in onderwyswetgewing genoem word. Die salaris van die onderwyser was nie vasgestel nie, oorsaak waarskynlik van die uiteenlopende salarisse wat ons die volgende jaar aantref. Dit was vir die onderwysers tog 'n verbetering want van toe af is baie meer uitbetaal dan die £ 75 van die eerste reglt. Ook was 'n spesiale toelae gegee vir onderwysers wat Engels kon gee.

Die algemene bepalings word gevolg deur verskillende reglemente: —

A. vir die Algemene Skoolkommissie.

Hier word volledig hulle pligte en instruksies gegee. Dit vorm die kern van 'n Departement van Onderwys. Salarisse word deur hulle gereël, skoolgeboue opgetrek, eksamens afgeneem, skoolkommissies aangestel, jaarverslae ontvang en 'n jaarlikse rapport uitgegee. Hierdie funksies word nie hier vir die eerste keer genoem nie; deels beskrewe, deels by onderlinge ooreenkoms, was hierdie pligte reeds na hulle verwys. Soos hier omskryf bestaan die kommissie slegs uit drie lede. Oorspronklik was daar vier, maar met die vertrek van Ds. van Heyningen na die Vrystaat is dit nie nodig geag om sy plek op te vul nie.

In verband met die karakter van die onderwys moet ons in die oog hou dat die Alg. Kom. aangestel en by vakantwording van plekke opgevul word deur die Uitv. Raad. In verband daarmee is art. 14 ruim so belangrik, want hier sien ons dat ook die plaaslike kommissies indirek deur die regering aangestel word. Die Landdros

moes 'n kommissie vorm, nie noodwendig uit ouers van skoolgaande kinders nie, en eens gevorm, was die kommissie op sterkte gehou deur persone wat hy self kies — ook sonder verpligte konsultasie met die ouers van die kinders. Dus nog steeds die staatskool in sy komplete vorm.

B. die reglement vir die plaaslike kommissies.

Die kern van die meeste punte hierin lê reeds opgesluit in die v. d. L. reglt. en nog duideliker in die voorgaande van '59. Mag word die kommissie gegee om die onderwyser voorlopig te skors, maar die mag oefen hulle alleen uit as verteenwoordigers van die regering wat moet toesien dat die amptenaar sy werk bevredigend verrig. Die papiere in verband met so'n skorsing moet ter goedkeuring aan hoër outoriteite voorgelê word. Die hoofdoel is om toesig te hou op die skool. 'n Jaarverslag moet dan ook ingedien word.

Deur die oprig van skole in die verskillende dorpe was die aantal plaaslike kommissies sterk vermeerder en omdat almal nie in die geleentheid was om ervare mense te kry om hulle reglemente van orde ens. op te trek nie, is in die wet verskillende reglemente as modelle opgeneem. Dis hoofsaaklik formulering van die gebruiklike prosedure van die Potchefstroomse en Pretoriase kommissies.

C. die reglement vir die Goewermentsonderwysers.

Hierdie is ook alweer in die v. d. L. reglt. en in die van '59 opgesluit, maar hier in breër lyne ontwikkel. Byvoegings soos artt. 15 en 16 re skoolboeke en skoolbehoeftes is onmiddellik deur ondervinding gedikteer. Hier is min wat absoluut nuut is. Belangrik is dat die onderwyser gekwalifiseer moet wees om 'n Goewermentssalaris te trek. Ook word weer bepaal dat die onderwyser die skoolgeld ontvang; die kommissie het daar dus niks oor te sê gehad nie. Ook moes die onderwyser self vir 'n ondermeester sorg en hom betaal. Hier was die mag van die kommissie dus ook uitgesluit.

D. die reglement vir die distrikonderwysers.

Die buite-onderwyser het nog steeds bestaan. Die v. d. H. reglt. het hom in die onderwysstelsel ingesluit. By die opstel van die reglt. van '59 is hierdie deel uitgelaat en sodoende het die buite-onderwyser sy werk in stilte voortgesit, ongekontroleer en sonder kwalifiserende vereiste, professioneel of kerklik. Die nuwe wet het genoemde onderwyser onder die stelsel opgeneem, maar tegelyk 'n nuwe differensiasie in die onderwyspersoneel gemaak. Daar sou wees (a) Goewermentsonderwysers, (b) distriksonderwysers en natuurlik vanself die onoffisiële groep, die private onderwysers.

Die posiesie van die distriksonderwyser lyk by die eerste oogopslag dubbelsinnig. Is hy in diens van die ouers, die Algem. Kom. of die veldkornet? m.a.w. het ons hier met staatsonderwys of met die „inisiatief berus by die ouers" beginsel te doen? Die onderwyser moes 'n aanstelling hê van die Alg. Kom., dit was 'n permit om in 'n sekere distrik onderwys te gee. As hy hom in 'n sekere wyk van 'n distrik wil vestig moet die aanstelling aan die veldkornet aldaar vertoon word. Die eienaar van die skoolplek gee hom kos èn inwoning en 'n billike skoolgeld en sodra die aantal kinders vir 'n jaar gemiddeld 12 was kry hy 'n toelae van £ 25 van die Regering. Na die opening van hulle skool moet hulle 'n bewys van die veldkornet daaromtrent aan die Algem. Kom. instuur. Hulle staan onder onmiddellike toesig van die veldkornet en moet hom as klerk help met skryfwerk vir dienssake.

Hierdie feite, gelees in die gees van die tyd waarin hulle vasgestel is, toon duidelik aan dat die onderwyser onder die reglement beskou word as 'n staatsdienaar en dat ons meer met staatsonderwys dan met die ander sisteem te doen het. Ons moet nie te veel heg aan die feit dat die eienaar van die plaas hom kos en inwoning moes verskaf. Dis weer onversigtige formulering van wat in die reël gedoen was. Die posiesie word skynbaar 'n anomalie wanneer daar minder as 12 kinders in die skool is, want dan is daar geen Goewermentstoelae nie en die onderwyser moet tog vir die veldkornet werk doen.

Engels kom nou ook na vorentoe. Ons het vroeër reeds aangetoon dat die verhouding tussen die Engelse en die Afrikaners nie so vyandig was as wat party dit wou voorgee nie. Oor die algemeen het 'n boer en 'n Engelsman goed klaar gekom. By die vroeër wette, toe daar nog maar 'n paar Engelse in die Republiek was en die gebruik van die Engelse taal nie as 'n noodsaaklikheid of selfs 'n wenslikheid beskou was, is daar geen melding van gemaak nie. Die Engelse besigheidsgees het egter gou 'n wye veld gesien in die nuwe staat en gou het hulle invloed merkbaar geword. In 1860 het die Engelse inwoners van Potchefstroom reeds die Regering versoek om in Engels godsdiens te mag hou. [1]) Snel het die Engelse taal veld gewin en omstreeks 1866 was die atmosfeer al deurdronge van die idee dat die landskinders om vooruit te kom in die lewe grondig Engels moes ken. In die verslag [2]) van die plaaslike skool-

[1]) R. 3844/60: Argief.

[2]) St. Crt. VIII. 131; van 9-1-66.

kommissie van Potchefstroom onderteken deur D. v. d. Hoff as voorsitter en A. F. Schubart as sekretaris het die voorsitter meegedeel „dat weldra een onderwyzer aan de school zou worden toegevoegd, om doelmatig onderwys in de Engelsche taal te geven en dat daardoor aan eene grote behoefte voor deze gemeente zal worden voorzien. „Dit was as uiting van hierdie algemene gevoel dat die klousules re Engels, so uitdruklik in die wet genoem word. Art. 3 van die algemene bepalings lê daar sterk nadruk op: „Er zal zooveel mogelyk gezorgd worden dat op de Gouvernementsscholen behalve de Hollandsche ook de Engelsche taal onderwezen wordt."

Die Alg. Kom. word selfs as volg geïnstrueer: „Zy zal by het aanstellen van onderwyzers of *by het verleenen van den rang van onderwyzers* (ons onderstreep) de voorkeur geven aan diegenen die zoowel in de Hollandsche als in de Engelsche taal ervaren zyn, opdat de jeugd alhier in de gelegenheid gesteld worde, ook de laatstgenoemde te kunnen aanleren." Verder kry die Kom. die reg om waar daar al 'n Hollandse onderwyser is, ook nog 'n Engelse aan te stel. Die vraag na Engels, ook versterk deur nuwe intrekkers uit die Kolonie is dus deur hierdie wet bevredig.

Die wet het die onderwys 'n vinnige stoot vorentoe gegee, en onmiddellik is daar 'n groot uitbreiding van die onderwysaktiwiteit gekom. Deur die hoër salarisse was die pos van onderwyser baie aantrekliker en daar was al 'n hele paar applikante wat nie geplaas kon word nie. [1]) Van die geleentheid om Engelse onderwysers aan te stel is dan ook dadelik goed gebruik gemaak. In Pretoria en Potchefstroom is hulle onmiddellik aangestel en die samewerking van die personeel was in hoë mate bevredigend. [2]) In Pretoria het beide onderwysers, H. Stiemens en F. N. Jackson in dieselfde lokaal skoolgehou. Aan die een kant was die wat net Engels geleer het aan die ander die wat deur Hollands as medium onderwys ontvang het; dus parallelklasse òf 'n Engelse òf 'n Hollandse skooltjie onder een dak, en beide deur die Goewerment bekostig. In hierdie geval was die aantal kinders in altwee afdelings min of meer gelyk. Dit volg nie dat daar eweveel Hollands- en Engelssprekende kinders was nie.

Potchefstroom het sy Engelse onderwyser uit Graaff-Reinet laat kom. In die skool van Potchefstroom was 62 leerlinge; daarvan

---

1) T. 1/2117; band '66—'68; nos. 32, 33; Argief.

2) Verslag van die openbare eksamen van die Goewermentskool te Pretoria op 14 Junie '66.

het 22 alleen Engels geleer, 20 alleen Hollands en 20 het beide Engels en Hollands geleer. [1]) Die nuwe wet het dus seker in 'n bestaande behoefte voorsien. Hollands het op die dorpe gou op die agtergrond geraak.

Die wet van '66 het direk na sy afkondiging in werking getree. Hoewel baie van die nuwe punte daarin formulering was van bestaande gebruike het dit tog gou geblyk dat dit geen gesonde politiek was om die dinge tot wet te verhef nie. Die volgende jaar was die Alg. Kom. alweer met 'n stel veranderinge en verbeteringe klaar. Van der Hoff het ondertussen die kommissie bedank en toe het die President in sy aanspraak die Raad in oorweging gegee of dit nie beter sou wees om i.p.v. die Alg. Kom. 'n Superintendent van Onderwys te benoem nie.

## DIE KONSEP VAN 1867.

Die Alg. Kom. het dit nodig geag om die gehele wet te herroep. [2]) In Sept. moes die konsep voor die Raad gewees het, maar dit het pas die volgende jaar in Maart voorgekom. Daar dien opgelet dat die Alg. Kom. toe nog net bestaan het uit v. d. L. en Proes, die Staatsprokureur.

Hoewel die konsep nooit wet geword het nie, is dit tog van belang om aan te toon watter puntjies in die bestaande wet nie bevredigend gewerk het nie. Die konsep is weer die hele wet van '66 met 'n paar veranderings van meer of minder belang. Aan art. 4 van die Algemene Bepalings word toegevoeg „onder vergoeding van reiskosten"; by art. 6 word ingevoeg dat onderwysers drie maande moet kennis gee as hulle wil bedank, en dgl. Ingrypender is miskien die verandering wat art. 10 van die Algem. Bepalings n.l. „Zy heeft het regt om in de Gouvernements schoolen, waar reeds een Hollandsche onderwyzer is ook nog een ander aan te stellen, die de Engelsche taal onderwyst," herskep tot: — „Zy heeft het regt zoodanige voorzieningen te maken, waar door het aanstellen van een onderwyzer in de Engelsche of andere talen de belangen van het onderwys kunnen worden bevorderd." Die Engelse taal wat in '66 tot twede landstaal verhef is, word hierdeur teruggebring tot die status van

---

[1]) Brief van J. H. Rossett aan Ds. v. d. Hoff; dd. Potch. 1-88-66. Argief.
[2]) St. Crt. van 21-10-67.

'n gewone vreemde taal, wat meer aandag verdien as die ander. Dit lyk dus 'n eerste begin van die taalkwessie wat later so'n akute vorm sou aanneem, die vraag of Engels as 'n twede landstaal moet beskou word dan wel as 'n twede taal.

In die reglt. van die plaaslike kommissie word aan art. 23 iets belangriks toegevoeg, n.l. dat hulle verslag ook moet dek die onderwys „zoowel plaatselyk als in hun district." Dit gee die plaaslike liggaam dus kontrole oor die distrikskole, wat voorheen alleen onder die Algem. Kom. gestaan het. Dus 'n verandering wat die onderwys in die distrikte baie kon gehelp het. Om hierby aan te pas was in die reglt. vir die distriksonderwysers bepaal: „De districts onderwyzers staan onder direct opzigt van de Plaatselyke School Commissie" dus heel iets anders as onder die veldkornet, soos in die wet van '66. Art. 9 tot 12 wat insluit die behulpsaam wees aan die veldkornet, word gevolglik ook uitgelaat. Art. 7 re kos en inwoning op die skoolplek word ook uitgelaat. 'n Belangrike addendum wat die begin van 'n sistematiese statistiek moontlik sou maak was die volgende: — „De districts onderwyzers zullen verpligt zyn elke maand het verslag van de staat hunner school aan de secretaris der Plaatselyke School Commissie op te zenden."

## DIE ALGEMENE SKOOLKOMMISSIE NA HUIS.

So sou hierdie reviesie van die wet van '66 weer 'n stap vorentoe gewees het op die pad van onderwysorganisasie in die Z. A. R. Dit skyn egter of die antesedente van die orige twee lede van die Algemene Kommissie die gesindheid van die Raad tenopsigte daarvan nie gunstig gestem het nie. V. d. H. het die sinkende skip nog betyds verlaat; waarskynlik het hy die katastrofe reeds voorsien, want die feite was bekend.

Die heer Proes was nie presies 'n geheelonthouer nie, en dinge het so erg geword dat 'n kommissie, waarop hy deur die V. R. benoem was, versoek het om 'n ander lid in sy plek aan te stel aangesien die agbare lid onder diskussie op die ure wat die kommissie moes vergader gewoonlik nie in staat was om aan die verrigtinge deel te neem nie. [1]) Waarskynlik het hy dus nie die vertroue geniet wat iemand, wat oor die opvoeding van die jeug moet waak, nodig het nie.

Met sy medekommissielid, eks-onderw. v. d. L., wat toe die pos van Tres. Genl. beklee het, was dit nie beter gesteld nie. Die land

[1]) Sien V. R. notule van '68; Maartsitting.

was baie skaars voorsien van geld en 'n kommissie in '67 aangestel om te rapporteer oor die finansiële toestand wou ook v. d. L. se boeke deurgaan. Boeke het hy nie besit nie en verantwoording van 'n groot gedeelte van die geld kon hy nie doen nie, hy het nie eers 'n salarisboek aangehou nie. [1]) Hy is hierop geskors en later vir geldverduistering opgebring en veroordeel „tot tien jaren gevangenisstraf met harden arbeid in de yzers." [2])

Toe op 10 Maart '68 die rapport van die Algem. Kom., bestaande uit die here Proes en v. d. L., bespreek is, het die Raad die volgende besluit: — [3])

„De Raad kan zich niet geheel vereenigen met het eerste punt van art. 18 van de aanspraak van ZHEd. de Staatspresident aangaande het onderwys, daar uit het onvolledig verslag van twee leden der Algemene School Commissie niet blykt, dat er een algemene vooruitgang in het onderwys der jeugd bestaat. Verder komt de Raad tot de overtuiging, dat de Algemene School Commissie van geen nut is, en besluit deze op te heffen, vertrouwende de belangen van het onderwys aan den Uitvoerenden Raad en de Plaatselyke School Commissie toe, bewyzende de Raad hiermede hunne dank aan de Commissie voor gedane diensten."

Nieteenstaande die voorgaande sterk bewoordinge is tog aan die lede eervol ontslag verleen. Hulle was egter so slim om dit nie dadelik aan te vra nie. Pas drie jaar later het v. d. L. dit aangevra en soos bo vermeld verkry. [4])

Die voorstel re 'n Superintendent van onderwys was deur die Raad van die hand gewys [5]) en die onderwys toevertrou aan die Uitv. Raad.

## DIE ONDERWYS ONDER DIE UITVOERENDE RAAD.

Die afskaf van die Algem. Kom., en daarby die verontagsaam van die advies van die President re 'n Superintendent van Onderwys, was nie in die belang van die onderwys nie. Die Uitv. R., soos toe

---

1) Sien St. Crt. V. 224 van 6-11-67; V. R. notule van 9-9-67.

2) Die vonnis is al gou versag. Eers is die yster weggeneem; toe, by die aan die lig kom van sekere onverantwoorde geld, is 5 jaar afgeneem, en kort daarop is hy vrygelaat. Hy het weer tot die onderwys teruggekeer en is te Heidelberg geplaas. Sien Argief; U. R. I; 2, onder 28-8-68, art. 1; 18-12-68, art. 88; 2-4-69, art. 93.

3) V. R. notule; Maart 1868; art. 381.

4) St. Crt. XIV, 361 van 17-1-71.

5) V. R. notule; Maart '68; art. 388.

samegestel, het nie die bekwaamheid of tyd gehad om die saak tot sy reg te laat kom nie. Daarom het die President in die Sept. sitting van dieselfde jaar sy versoek herhaal. [1]) Dit was weer te vergeefs; die Raad was vir 'n rukkie glad nie meer in die onderwys geïnteresseer nie. [2]) In dieselfde sitting was n.l. voorgelê die konsep, soos deur die Uitv. R. gewysig volgens die opdrag in art. 288 van die Maartsitting. Tieperend vir die houding van die Raad destyds is die volgende: — [3])

„Art. 240. Wordt voorgelezen art. 53 van Uitv. Raadsbesluit dato 17 Aug. 1868, inhoudende wyziging van het school-reglement. Wordt besloten de algemeene strekking der schoolwet aan te nemen en dezelve puntsgewyze te behandelen.

*Algemeene Bepalingen.*

Art. 1. Goedgekeurd.

Art. 2. dito.

De heer Wolmarans verzoekt van de orde af te wyken teneinde de gewyzigde schoolwet uit te stellen en de algemeene memorieën in behandeling te nemen. Algemeen aangenomen."

En dis die laaste wat ons in verband met genoemde wetsvoorstel in de annale van die Z. A. R. kon ontdek. Ons bly hier dus met die wonderlike posiesie dat ons nou 'n offisiële skoolwet het, die van '66, wat gebaseer is op die Algemene Kommissie en wat dus deur afskaffing van gen. Kommissie vir 'n groot gedeelte verouder is.

Die Uitv. R. het maar, so goed en so kwaad as dit gegaan het, die onderwysverslae bly ontvang. Deur slegte omstandighede, finansieel, sowel as op politieke gebied, was binnekort alle kontrolerende en dirigerende aksie uitgesluit. Pretorius was deur politieke teenstand verlam en uit sy aanspraak van '70 blyk dat hy hom magteloos gevoel het. [4]) Kenmerkend is die artiekel oor die onderwys: — „De toestand van het onderwys zal u blyken uit de rapporten der verschillende School Commissies aan my ingezonden." En dis al daaromtrent; in '71 krimp die artiekel tot „De verslagen omtrent het onderwys verdienen uwe aandacht."

Die inwendige toestand van die Republiek was, om reeds aangehaalde redes uiters sleg. In art. 2 van die laaste aanspraak kla Pretorius dat die burgers die wette nie meer wil gehoorsaam nie

[1]) St. Crt. XI, 353; van 21-10-68.
[2]) Vgl. Gedenkboek: V. V. O. O. Z. A; bls. 53.
[3]) St. Crt. XI, 262, van 13-1-69.
[4]) do. XIII, 325, van 10-5-70.

omdat aan memories geen gehoor gegee word nie. Die „Keate-Award," so nadelig uitgeval deur die slegte sorg van die Staatsprokureur, en waarby Pretorius ook nie geheel onskuldig was nie, het laasgenoemde genoodsaak, om die Presidentskap neer te lê. [1])

Gedurende die voorafgaande paar jaar was daar dus geen strenge toesig oor die onderwys gehou nie. Die plaaslike kommissies het egter steeds bly funksioneer en in baie gevalle het hierdie liggame sake nog betreklik goed agtermekaar gehou. Die skaarste van onderwysers het die vorderinge baie benadeel. In '66 en '67 was daar nog 'n surplus van beskikbare onderwysers, maar die verandering het gou gekom. Met die daling van die koers — hierdeur het salarisse al gou slegs 'n nominale waarde gehad — en ook die aanmerklike toename van die aantal skole, was die tekort baie gou merkbaar. Op die begroting vir '66—'67 was daar voorsiening gemaak vir 7 Goewermentsonderwysers en 5 distriksonderwysers. Vir '68—'69 kry ons 11 Goewerments- en 12 distriksonderwysers. [2])

Aangesien destyds in verband met onderwyserssalarisse selde iets op die begroting geplaas is waar die onderwyser nie werklik reeds werksaam was nie, kan ons dus aanneem dat hierdie aantal skole werklik gedurende korter of langer tyd in die jaar bestaan het. Reken ons die gemiddelde aantal leerlinge vir die Goewermentsonderwyser op 30 en vir die distriksonderwyser op 13 — 12 moes daar wees —, dan kry ons dat daar gedurende die jaar in die offisiële skole van die Republiek 486 kinders was, wat die Staat £ 1750 gekos het of £ 3-10-5 per kind.

Dit was moeilik om personeel vir al die skole te hou. Aan die end van '67 was die pos van Goewermentsonderwyser in Heidelberg, Utrecht en Wakkerstroom tegelyk vakant en onder omstandighede het die skaarste nie verminder nie, veral omdat die Republiek afhanklik was van die buiteland vir sy aanvoer van onderwysers, want dit skyn dat nog maar min kinders sover gevorder het dat hulle onderwys kon gaan gee. Voorbeelde is uiters skaars.

Die Nederlands was gewoonlik onderwys deur 'n Hollander, regstreeks of via die Kolonie of Vrystaat in die Republiek gekom, terwyl die Engels onderwys was deur onderwysers uit die Kolonie of Natal, sowel as deur enkele direk uit Engeland — vernaamlik predikante.

---

[1]) St. Crt. XV, 408, van 13-2-72.
[2]) do. XIV, 259, van 23-8-71.

Waar daar 'n Engelse onderwyser aan 'n Goewermentskool was, daar was gewoonlik die Engelse klas nie die kleinste nie, en Afrikaanse kinders het baie keer die Engelse gedeelte van die skool besoek en nie die Hollandse nie. Ook was dit met die vakant word van poste baie moeiliker om die Hollandse op te vul dan die Engelse. Die gevolg was dat daar herhaaldelik op plekke alleen 'n Engelse Goewermentsonderwyser was, aangesien die ander pos nie opgevul kon word nie. Ons verwys slegs na die rapport omtrent die Engelse Goewermentskool in Rustenburg vir die tydperk 1 Julie '70—6 Maart '71. [1] Tieperend is dit dat uit die 24 kinders die 12 pryswinners almal Afrikaners is — die name van die ander is nie gegee nie.

Die verslag van die skoolkommissie van Pretoria vir dieselfde periode, is ruim so belangrik en dit gee ons ook die wordingsgeskiedenis van wat in Rustenburg reeds 'n voldonge feit was. In Junie 1870 het die Hollandse en Engelse onderwysers in Pretoria beide die diens verlaat — Stiemens om Goewermentsekretaris te word. Die werk van Stiemens was gedurende die twede helfte van '70 waargeneem door Ds. Begemann, vir 'n rukkie bygestaan deur 'n vroeër kwekeling van die skool, J. W. J. Joubert, maar in '71 kon Begemann dit nie langer doen nie en die meeste kinders is toe ingelyf by die Engelse deel van die skool, onder Eerw. J. Harris-Wills.

Die transaksies met die heer Wills is 'n voorbeeld van die gemaklike manier waarop die Regering en ook die kommissie met die Engelse saamgewerk het. Die heer Wills het 'n „Grammar"skool in Pretoria opgerig, en toe hom versoek was om die plek van Engelse onderwyser in die Goewermentskool in te neem, het hy ingewillig op voorwaarde dat hy sy „Grammar"-skool daaraan mog verbind. Dis toegestaan en die Regering het hom die salaris as Engelse onderwyser uitbetaal. Die ooreenkoms was vir 'n jaar en omdat die Hollandse pos gedurende '71 vakant gebly het, was dit die enige Goewermentskool in Pretoria. Die skool is die jaar deur gemiddeld 40 leerlinge besoek van wie die meerderheid van Hollandssprekende ouers was. [1])

Wills wou die ideale, waarmee hy sy Grammar-skool opgerig het ook hier verwesenlik. Met die doel het hy 'n assistent uit P. M. Burg laat kom, iemand anders gekry om ook 'n paar uur

---

[1]) Sien Korrespondensie van en oor J. Harris Wills, sowel as sy rapporte, ens. oor die skool, in Argief onder T 1/2117, 1870.

Hollands per week te gee en verder het Mnr. Julius Jeppe hom ook nog 'n paar uur gehelp. [1]) Sodoende sou daar geleentheid wees om ook middelbare onderwys te gee. Dit skyn egter of die Regering nie heeltemal ingestem het met die vooruitstrewende planne van Eerw. Wills nie, want Julie e.v. het hy reeds sy bedanking ingestuur en as rede opgegee: — „I had hoped with your consent and coöperation, that I might have been enabled to establish a good school, both for elementary and more advanced classes; but gentlemen I am quite sure that under the present Government System this is not practicable.' Die kommissie het die bedanking aangeneem — Wills sou nog aanbly tot Des. e.v. — en ondertussen 'n nuwe onderwyser gesoek. Van Boeschoten, wat heel wat naam verwerf het [2]), het hul na heel wat moeite en baie konsessies [3]) oorgehaal om die nuwe dorp van Zoutpansberg te verlaat en Pretoria-toe te kom. In Jan. '72 het hy sy werk begin. Hy was bygestaan deur die Engelse onderwyser F. C. Rex. Laasgenoemde moes eers aansoek doen by die Eksamen-Kommissie voor hy finaal aangestel kon word. [4])

## DIE EKSAMENSTELSEL VAN 1868.

Met die afskaf van die Algemene Kommissie het hulle pligte op die skouers van die Uitv. R. geval. Tewens het die U. R. instruksies gekry [5]) om die konsepwet, deur die kommissie ingedien, te verander volgens die nuwe besluit en dit dan by die volgende sitting voor te lê. Die veranderings deur die U. R. aangebring [6]) is hoofsaaklik die vervang van die naam Alg. Kom. deur U. R. en ander veranderings wat daaruit volg. Die belangrikste verandering was miskien die wat art. 7 verander in: — „Die den rang van onderwyzer begeert, of een onderwyzer die op een der Gouvernementsscholen wenscht geplaatst te worden, vervoege zich schriftelyk by de Uitvoerende Raad, en hy zal geëxamineerd worden door eene Commissie door den Staatspresident of Uitvoerenden Raad te benoemen." Omdat die V. R. die ontwerp in die steek gelaat het

---

1) Brief van J. Harris Wills aan die skoolkommissie; dd. Pretoria, 1-2-71.

2) Verslag van die skoolkommissie van Marabastad: St. Crt. XIV, 362 en 392 van 24-1 en 22-10-71.

3) Sy salaris moes o.a. £ 350 wees en hy moes in diens kan tree aan die begin van '72.

4) Brief van C. F. Rex; dd. Pretoria, 6 Jan. 1872; Argief.

5) V. R. notule; art. 388 van 11 Maart 1868.

6) Argief: U. R./I. 2; art. 53 van 17-8-68.

was hierdie voorstel re eksamenkommissie ook van die baan, maar omdat die U. R. indirek tog instruksie gehad het om onderwysers te eksamineer, het hulle desnieteenstaande oorgegaan tot die aanstel van 'n kommissie vir die doel, en op 24 Maart '69 is die instruksies aan genoemde kommissie gepubliseer. [1])

Daar sou van nou af wees twee onderwyserssertifikate, vir distrik- en hoofonderwyser, en geen ongesertifiseerdes sou meer in diens geneem word nie. Aan hierdie regulasies is streng die hand gehou, en was 'n ongesertifiseerde 'n pos aangebied, dan was sy eerste handeling daarop 'n versoek aan die Staatspresident om geëksamineer te word. Was hy dan suksesvol dan was 'n Goewermentstoelae of 'n vaste salaris uitbetaal, anders nie. [2]) Dit was dus ons twede offisiële eksaminerende liggaam.

Deur genoemde kwalifikasiebeperkings, maar meer nog uit die neiging by die Engelse om hulle taaleie nie prys te gee nie, was daar in die vernaamste dorpe reeds private skole opgerig, wat byna uitsluitend Engels as medium gebruik het. Hierdie skole het nie alleen Engelse kinders getrek nie, maar veral ook kinders uit die vernaamste Afrikaanse families; hulle was dus 'n groot afbreuk vir die bestaande Goewermentskool, wat met sy Hollander-hoof, nie al te populêr was nie. Dis dus nie toevallig dat daar na '68 soveel Hollandse poste vakant was nie, terwyl die Engelse gedeelte gewoonlik gefloreer het. So was daar op 'n tyd gedurende '69 nie minder as ag verskillende skole in Potchefstroom nie. [3]) Die aantal leerlinge in die Goewermentskool aldaar onder van Dam en Bisset het dan ook van 100 kinders in '69 geval tot 23 in '70. Netso het in Pretoria en Heidelberg private inrigtings ontstaan. Dit sal nie ver uit wees as ons sê dat aan die begin van '72 daar ruim so veel kinders in private inrigtings was as in die Goewerments- en distrikskole.

## 'N NUWE GEES IN 1871.

Sake het Pretorius oorweldig. Onder die redes wat sy val verhaas het moet nog aangehaal word dieselfde wat sy opvolger ook te

[1]) St. Crt. XII, 271 van 24-3-69.

[2]) Sien in verband hiermee die korrespondensie van en oor du Preez, in 1870; Wills, in '71 en Rex in '72 in Argief; T. 1/2117.

[3]) Verslag van die plaaslike skoolkommissie van Potch. dd. 28-2-70; Argief T 1/2117.

magtig sou word. In '70 het Pretorius opdrag gekry om 'n ontwerp van 'n nuwe grondwet op te trek. Hierdie ontwerp, gepubliseer in die St. Crt. van 21 Febr. '71 het heel wat rewolusionêre punte bevat, wat, hoe uitstekend hulle op hulself ook was, opgetrek was aan die hand van 'n idee waarteenoor die volk nog vyandig gestaan het. [1]) Die nuwe idees was veral merkbaar in die hoofstuk oor godsdiens en onderwys. Alle kerkgenootskappe het gelyke beskerming gekry en ook gelyke betaling vir hulle predikante. By die onderwys moes elkeen se godsdienstige begrippe geëerbiedig word. Hierdie veranderings sou dus die strenger beperkings van die vroeër wetgewing weggeneem en die liberale beginsel meer vryheid gegee het. Die volk was glad nie tevrede met die voorgestelde veranderings nie. [2]) Dit was nie hulle doel nie, net 'n paar artiekels in die vorige grondwet wou hulle gewysig sien. Intussen was die teenstand teen Pretorius toegeneem en dit het duidelik geword dat 'n sterker man die regering sou moet oorneem. Daarom is die grondwet so gewysig dat iemand buite die Transvaal ook President kon word. [3])

Twee weke later het Pretorius bedank.

---

[1]) Die konsep was opgetrek deur die Staatsprokureur, J. Kleyn. Aanspraak van President; art. 4 van 4-9-71.

[2]) Sien aanspraak van President op 4-9-71 in St. Crt. XIV, 394 van 5-9-71.

[3]) Hierdie verandering is gemaak op 6 Nov. '71, terwyl Pretorius pas op 20 Nov. e.v. sy bedanking ingehandig het.